LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

# Goedes Nuusbrief



NUUSBRIEF 27/2026

## Week se Program

### 17 Augustus 2026

- Krieketliga o/9 vs LS Secunda (Weg)
- Redenaars Con Spirito Gr. 3
- Tennisliga vs LS HM Swart te Sasolklub

### 18 Augustus 2026

- Kriektliga o/10 (Tuis), o/11 (Weg) vs LS Klipfontein
- Redenaars Con Spirito Gr. 4

### 19 Augustus 2026

- Hokkieliga S o/10 tot o/13 vs Laerskool Kruinpark
- Koor Jnr & Snr te LS Kallie de Haas
- Redenaars Con Spirito Gr. 5
- Hoëveldgroep Tennis te LS Standerton

### 20 Augustus 2026

- Hokkieliga D vs Laerskool Marietjie v Niekerk
- Krieketliga o/12 (Tuis), o/13 (Weg) vs Laerskool Klipfontein

### 21 Augustus 2026

- Goegieland: Varkie-dag
- Hokkieliga S vs LS Oranjegloed
- Kriektproewe Gert Sibande Finaal
- Redenaars Con Spirito Gr. 6

### 22 Augustus 2026

- Mini-Hokkie te LS Secunda
- Redenaars Con Spirito Gr. 7
- Skaakliga MP-Finaal te Ermelo

### 20 tot 21 Augustus 2026

- Tennis Super 12

### 17 tot 28 Augustus 2026

- Eisteddfod Afr Spraak & Drama

## Mnr Gawie sê sy sê...Ons groei die hele tyd

Ons is almal die hele tyd besig om te verander en te groei. Fisies...daaroor kan ons baie sê, emosioneel, geestelik, in verhoudings, in ons werksplek, in ons sosiale lewe. Dit is een van die werklikhede in hierdie wêreld dat ons gevorm word deur dit wat om ons gebeur. Die keuses wat ons maak, die stemme wat ons toelaat in ons lewens. Dit vorm ons in wie ons besig is om te word. Is dit nie opvallend as ons 'n kind vir 'n lang tyd nie gesien het nie - dat ons sê hy het so groot geword in plaas van hy het soveel ouer geword nie. Die vraag is wie of wat laat jy toe om jou te vorm? In 2 Korintiërs 3 vers 18 sê Paulus "Ons almal weerspieël die heerlikheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al hoe meer verander om soos die Here te lyk, met 'n heerlikheid wat steeds toeneem namate die Here, dit is die Gees, dit aan ons gee." Verandering en groei is 'n voortdurende proses en ons as kinders van die Here is almal bedoel om aan die beeld van Christus gelyk te word. Groei jy in die regte rigting, verander jy daagliks meer na Sy beeld? Want jy is daagliks besig om iemand (iets) te word. In Romeine 12:2 staan "En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welvallige wil van God is." Almal het toegang tot die teenwoordigheid van God en die waarheid is net God kan die verandering bring wat maak dat ons al hoe meer soos Jesus lyk.

## Goegieland

**PLAASDIERE-INSTAPPIE:** Weens die afgelope week se ysige koue het ons besluit om die Plaasdiere-instappie te skuif na dié komende Maandag en Dinsdag. Ons wil hê ons Goegies moet dié ervaring geniet sonder om soos klein yskassies rond te loop! Maats wat nog nie vir die instappie betaal het nie, is welkom om R65 kontant in die kletsboek te stuur. Die Karri-toep is reeds gesluit vir betalings. Ons sien baie uit na twee heerlike dae saam met ons plaasdiere!

**EISTEDDFOD:** Baie sterkte aan al ons Goegies wat komende week met hul Eisteddfod-optredes begin. Ons is ongelooflik trots op elkeen wat bereid is om voor 'n gehoor op te staan en hul talente te wys.

**21 AUGUSTUS 2026 - VARKIE-DAG:** Ons sien uit na ons Varkie-dag op Vrydag, 21 Augustus 2026, indien die weer dit toelaat.

Maats moet asseblief:

- Swemklere onder hul gewone klere aantrek, geen bikini's nie asseblief.
- ‘n Handdoek saambring.
- ‘n Volledige stel droë klere in 'n sakkie in die tas.
- **MERK ASSEBLIEF ALLES!** Swemklere, handdoeke, droë klere en alle ander besittings moet duidelik gemerk wees. Ons hoop vir mooi weer en 'n heerlike dag vol pret!

Groete uit Goegieland

## Eisteddfod Afrikaans

Baie sterkte aan al die leerders wat die volgende twee weke aan die Afrikaanse afdeling van die Eisteddfod gaan deelneem. Harde werk werp goeie vrugte af.

Onthou asseblief die volgende:

- Almal moet 30 min voor die aanvang van hul items reeds by die lokaal aanmeld.
- Toegang vir toeskouers is R20 per persoon.
- ‘n Getikte kopie van die werk wat voorgedra word moet saamgevat word.
- Monoloë, Samesprake en Bybelprosas word in kostuums opgevoer.
- Gedramatiseerde items word in swart klere gedoen.
- Voordrag moet in skoolklere wees.

# Kuns Eisteddfod

Die kunsklasse word by Juf. Carin Baard aangebied in K26. Dit is vir Gr. 4- tot 7-leerders wat vir die kuns ingeskryf is. Hierdie leerders is welkom om op die volgende datums te kom vir hulp met die beplanning en voltooing van hul kunswerke.

Kunsklasdatums: 18 & 20 Augustus 2026 om 14:00 tot 15:00

**ONTHOU!** Alle voltooide werke moet op 27 Augustus 2026 by die vakonderwyser (Gr. 4 tot 7) en klasvoogde (Gr. 1 tot 3) ingehandig word.

# Skaak

Graag wil ons baie geluk sê aan die volgende twee spanne wat tydens die Rookies Toernooi (Govan Mbeki) hul plek verseker het in die volgende liga-rondte (Gert Sibande):

- o/9-span het 'n 2de plek behaal
- Ope-Span het 1ste plek behaal

Die o/11- en o/13-spanne het ongelukkig albei 'n 4de plek behaal en dring nie deur na die volgende rondte toe nie. Hulle het egter nie sleg gevaar nie, aangesien die o/11-span slegs met 'n halwe punt uitgeval het en die o/13-span was net met een en 'n halwe punte agter die 3de plek. Welgedaan aan almal wat hul harte uitgespeel het!

Baie geluk aan die Bordwenners vir die dag:

- Sebastiaan le Roux
- Rebecca Landsberg
- Henru Smuts
- Sian Jacobs
- Hugo Ellis
- Calita Cornelissen
- Handré Carstens
















# Eisteddfod Dans Regstelling

Baie geluk aan Zoe-Jane Steyn, Janeke du Plessis en Melandie Faber wat tydens die Dans Eisteddfod kategorie-wenners was in die Lieriese Trio 12 jaar.











| 17 Aug | 18 Aug | 19 Aug | 20 Aug | 21 Aug | 22 Aug | 23 Aug |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Pienaar J v Rensburg | | Stephanus du Plooy<br>Billy Strydom<br>Amelia Strydom<br>Juan v Zyl | Zinia Thompson | Juandré Labuschagne<br>Liamé Jansen<br>Leané Becker<br>Pietro v Rooyen | AJ Terry<br>Mackenzie v Greunen<br>Kayleigh Homan | Leané Luddick |

# Hokkie

Ons hokkiespanne het die afgelope week met groot ywer en deursettingsvermoë op die veld meegeding. Baie geluk aan al ons spelers en afrigters met hul harde werk en sportmanskap!

**Dinsdag, 4 Augustus 2026 – Dogters teen Laerskool Secunda**

- o/10: Goedehoop wen 1–0
- o/11: Goedehoop wen 3–0
- o/12: Goedehoop verloor 0–5
- o/13: 1–1 gelykop

**Woensdag, 5 Augustus 2026 – Seuns teen Curro Secunda**

- o/13: Goedehoop wen 3–0

**Donderdag, 6 Augustus 2026 – Dogters teen Laerskool Oranjegloed**

- o/10: 0–0 gelykop
- o/11: 1–1 gelykop
- o/12: Goedehoop verloor 0–2
- o/13: Goedehoop verloor 0–1

Ons is trots op elke speler wat met toewyding, spanwerk en sportmanskap Laerskool Goedehoop se naam op die veld verteenwoordig. Hou aan hard werk en gee altyd jou beste!

LAERSKOOL GOEDEHOOP

GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

## Hokkie Spelers van die Wedstryd
## 3 tot 8 Augustus 2026




